
Werkblad: Lydende en bedrywende vorm – graad 9

Punte: [30]

Vraag 1: [11]

- a. Wat is die verskil tussen die lydende en bedrywende vorm? (2)
- b. Wat is die reëls vir die verskillende tye? (7)
- c. Waar word tyd (T), wyse (M) en plek (P) in 'n lydende sin plaas? (2)

Vraag 2: [9]

Skryf die volgende sinne in die lydende vorm:

- a. Die seun koop 'n koeldrank. (1)
- b. Die meisie vertel die skindernuus aan haar vriendinne onder die boom. (1)
- c. Die ma hardloop elke oggend baie vinnig om die baan om fiks te word. (1)
- d. Hy het sy tekkies aangetrek. (1)
- e. Hy het gister die koerant by die kafee gekoop. (1)
- f. Die vrou het die tee vinnig gedrink. (1)
- g. Hy sal die hond bad. (1)
- h. Hy sal môre die kat by die veearts kry. (1)
- i. Hy sal die brief vir sy meisie met liefde in sy kamer skryf. (1)

Vraag 3: [5]

Skryf die volgende sinne in die bedrywende vorm:

- a. Die viool word deur die pragtige meisie gespeel. (1)
- b. Die selfoon is gister deur die seun se onderwyser gevat. (1)
- c. Die musiek sal deur die man geluister word. (1)
- d. Die tuin word deur hom natgelei. (1)
- e. Deur wie is die gebel? (1)

Vraag 4: [5]

Skryf die volgende sinne in die lydende vorm:

- a. Die kinders het vir meer lekkergoed gevra. (1)
- b. Wie het die koeldrank gedrink? (1)
- c. Die man moet vir die vrou blomme koop. (1)
- d. Wie sal van die heerlike sjokoladekoek eet? (1)
- e. Die atlete het gelyk by die wenpaal aangekom. (1)